

## DIE POLITIEKE AKTIWITEITE VAN DIE RAND PIONEERS- VERENIGING GEDURENDE SY VROEË BESTAANSJARE\*

**A J Potgieter**  
*Suidwes-Afrikaanse Uitsaaikorporasie, Windhoek*

Nadat Johannesburg op 31 Mei 1900 in Britse hande gevall het, het die pioniersfase in die geskiedenis van die stad grootliks tot 'n einde gekom en kon mense met nostalgie begin terugkyk op 'n baanbrekerstydperk wat besig was om agter die gordyn van die tyd vergete te raak. Dit verbaas 'n mens dan ook nie dat daar op inisiatief van Edgar P Rathbone op 8 Julie 1903 'n vergadering in Johannesburg gehou is, ten einde 'n vereniging te stig waarvan die doel aangegee is as "the keeping alive of the spirit of good fellowship existing amongst the pioneers of the Rand, the recording and preservation of all interesting data and documents with the view of their ultimate publication and distribution amongst members; and the annual dining together of the members on the day the principal goldfields were proclaimed."<sup>1</sup>

Dit sou egter 'n growwe mistasting wees om te dink dat die vereniging hom slegs besig gehou het met die vertroeteling van beeldte uit die verlede, want hoewel die bestuur reeds op 26 September 1903 besluit het dat daar uitsluitsel gegee moes word of die organisasie hom met die politiek moes inlaat en daarteen besluit is,<sup>2</sup> is nietemin gevoel dat die vereniging 'n "nuttige funksie" moes hê sonder dat die gevaar geskep word dat sy geledere, wat hoofsaaklik uit Engelssprekendes bestaan het,<sup>3</sup> kon skeur. Die veld waaroor hulle jaloers gewaak het, was die verhouding tussen blank en nie-blank.<sup>4</sup> G A Leyds stel dit baie sarkasties: "In the early years the Association appears to have looked upon its duty to teach the new Imperial Administration of the Transvaal their business in connection with Johannesburg," en "... the annual reports for the first ten years make it appear as if the mantle of the Reform Committee had fallen on its shoulders."<sup>5</sup> Rathbone het immers in korrespondensie dit duidelik gestel dat 'n organisasie beoog word "which should be in a position to work for the good of the town and the mining industry, should the occasion arise." Hy het selfs met die uitdrukking "a body politic" gespeel,<sup>6</sup> wat aantoon dat, hoewel 'n mens nie duidelike bewys daarvoor in die notuleboeke vind nie, minstens Rathbone reg van die begin af reeds iets méér as net 'n sosiale organisasie beoog het.

A A Mawby, wat 'n studie gemaak het van die politieke gedrag van die Britse bevolking van Transvaal tussen die jare 1902 en 1907, het bevind dat "British attitudes to the African question varied from extreme racism to full anti-racialism."<sup>7</sup> Hy kom

---

\*Oorgeneem uit *Geskiedenisnavorsingsprojek, Die Geskiedenis van die Afrikaner aan die Rand, 1886—1961*, R.A.U., Nr. 2, Oorsig 1973

1. (Johannesburgse Openbare Bibliotek) Minutes of Meeting, 8 Julie 1903.
2. Minutes of Meeting, 26 September 1903.
3. Vgl. Register Rand Pioneers.
4. Rand Daily Mail, 31 Maart 1904: Negrophobia.
5. G.A. Leyds: *The History of Johannesburg: the early years* (Johannesburg, 1964), p. 51.
6. (Johannesburgse Openbare Bibliotek) Correspondence Rand Pioneers: Rathbone — Rissik, 6 Augustus 1903.
7. A.A. Mawby: *The Political Behaviour of the British Population of the Transvaal, 1902 to 1907*, (ongepubliseerde proefskrif, U.W., 1971), p. 66.

tot die gevolgtrekking dat die Rand Pioneers eersgenoemde houding verteenwoordig het. Ten einde hierdie toedrag van sake te begryp, sal dit nodig wees om kortlik die agtergrond te skets waarteen die vereniging se optrede beoordeel moet word.

Brittanje het op 23 September 1902 'n einde gemaak aan militêre bestuur oor Transvaal en siviele regering ingestel.<sup>8</sup> Kroonkolonieregering sou egter voortduur tot 1907, toe die eerste verkiesing ná die Anglo-Boereoorlog gehou is en verantwoordelike bestuur vir 'n wetgewende raad en 'n wetgewende vergadering voorsiening gemaak het.<sup>9</sup>

Daar was aanvanklik geen groot georganiseerde politieke partye nie maar kleiner groepies enersdenkende mense het na kanale gesoek om uiting aan hulle gevoelens te gee. Die twee vernaamste Engelse partye in Johannesburg, naamlik die Transvaal Progressive Association en die Transvaal Responsible Government Association, het byvoorbeeld hulle bestaan eers in November 1904 amptelik aangekondig.<sup>10</sup>

Na die Anglo-Boereoorlog is nie veel aandag aan beleid ten opsigte van swartes gegee nie, trouens, Rhoodie en Venter sê dat dit eintlik in 'n chaotiese toestand was en dat daar onsekerheid bestaan het watter rigting ingeslaan moes word.<sup>11</sup> Lagden, Kommissaris van Naturellesake, sou voorlopig in Johannesburg bly en was verantwoordelik vir die uitvoer en administrasie van die beleid.<sup>12</sup> Die probleem was egter dat die wetgewing in verband met die swartes in Johannesburg nooit voor die aanname van die Natives Urban Areas Act van 1923, duidelik omlyn was nie.<sup>13</sup> Te midde van hierdie onsekerheid het die liberale en die konserwatiewe beskouings in verband met die rasneverhoudinge direk teenoor mekaar te staan gekom en was dit 'n ope vraag watter rigting sou seëvier.<sup>14</sup>

Omdat die Rand Pioneers besef het dat die rigting maklik in die liberale Engeland, wat toe die septer oor Transvaal geswai het, bepaal kon word, het die vereniging gou sy misnoë uitgespreek oor die "Home politicians" wat geen insig in en kennis van Transvaalse toestande gehad het nie. Die organisasie het dit as sy taak gesien om hulle tot ander insigte te bring en die saak moes selfs tot in die Imperiale parlement opgeneem word, indien nodig.<sup>15</sup>

Nadat die gedagte om hulle aandag ten volle aan die ras gevraagstuk te wy, op 'n geselligheid van 29 Desember 1903 momentum gekry het,<sup>16</sup> het die bestuur begin om voortdurend die owerhede deur middel van afgevaardigdes en korrespondensie te nader oor aspekte van die rasbeleid wat nie na die wense van die vereniging was nie. Die bestuur het gou 'n sub-komitee aangewys om verwikkelinge op hierdie gebied te bestudeer en dié komitee het byvoorbeeld op 22 April 1904 'n omvattende verslag oor die aangeleentheid uitgebring.<sup>17</sup>

8. W.A. Kleynhans: Politieke Strominge en Verantwoordelike Bestuur in Transvaal, 1905—1909, (ongepubliseerde verhandeling, Unisa, 1952), p. 8.
9. *Ibid.*, p. 21.
10. A.P. Newton (red.): Select Documents relating to the Unification of South Africa, (Londen, 1968), pp. 239—240.
11. N.J. Rhoodie en H.J. Venter: Die Apartheidsgedagte (Kaapstad, 1959), p. 106.
12. N.R. Gunning: Die Britse Bantoe-Administrasie in Transvaal, 1902—1906 (Ongepubliseerde verhandeling, U.P., 1966), p. 34.
13. Vgl. J.D.R. Jones en H.S. Bloom: Natives in Urban Areas (Johannesburg, 1938).
14. G.D. Scholtz: 'Swart Suid-Afrika? (Kaapstad, 1964), p. 39.
15. Rand Daily Mail, 31 Maart 1904: Negrophobia.
16. Minutes of Meeting, 22 Maart 1904.
17. Minutes of Meeting, 22 April 1904.

Samevattend kan 'n mens sê dat die vereniging geen geformuleerde beleid voorgestel het nie. Hulle het bloot aspekte van die bestaande beleid waarmee hulle nie tevrede was nie, aangeval.

Die vereniging het van die standpunt uitgegaan dat Transvaal 'n witmansland was en het hulself die taak van "preserving to the uttermost the rights of the white population of this country,"<sup>18</sup> toegeëien. Dit het meegebring dat die organisasie altyd die blanke se belang vooropgestel het, al was dit ook ten koste van die nie-blanke. Die bestuur van die vereniging het dadelik gereageer in alle gevalle waar dit wou voorkom asof nie-blankes regte toegestaan word wat hulle voorheen nie geniet het nie of waar 'n meer liberale houding jeans nie-blankes ingeslaan word.

Die bestuur het voortdurend by die prokureur-generaal beswaar gemaak oor vonnisse wat swartes in howe opgelê is en wat na die mening van die vereniging te lig was. Dit het veral oortredings behels soos inbrake by blankes se huise, aanrandings op blankes en enige misdaad wat uit die kontak met blankes gespruit het.<sup>19</sup> Die prokureur-generaal moes op sy beurt weer gereeld op die voorstelle, aantygings en "bevindinge" van die Rand Pioneers antwoord en verduidelik waarom 'n bepaalde vonnis in 'n spesifieke geval opgelê is.<sup>20</sup> Die sekretaris het later die vereniging se houding só opgesom: "My Committee do not for one moment wish to adopt an attitude prejudicial or likely to interfere with either the due administration of justice ... and discretionary duties of Magistrates — they (die vereniging) cannot however blind themselves to the patent fact that the sentences referred to are in the circumstances to a certain extent incongruous nor can they ignore the evidence of a negrophilistic tendency."<sup>21</sup>

Die vereniging was daarteen gekant dat swartes van dieselfde spoorweggeriewe as blankes gebruik maak en het in hierdie verband knaend samesprekings gevoer met die verkeersbestuurder van die Central South African Railways. Die organisasie het aangedring op afsonderlike geriewe en alle voorvalle waar blank en nie-blank van dieselfde geriewe gebruik moes maak onder die aandag van die spoorweë gebring en om 'n verduideliking gevra.<sup>22</sup> Sorg is ook gedra dat Selborne, as hoë kommissaris, deeglik van die vereniging se standpunte kennis neem.<sup>23</sup>

In brieue aan die kommissaris van polisie<sup>24</sup> en die stadsklerk van Johannesburg<sup>25</sup> is gekla oor Chinese wat toegelaat is om huurrytuie te gebruik en swartes wat op sypaadjes stap. Die stadsklerk het egter geantwoord dat, hoewel die saak bespreek is, "the Council has no power at present to make Bye-Laws prohibiting the use of the cabs by coloured persons, and in view of the attitude of the Government with regard to certain proposed Bye-Laws for regulating and controlling the use of cycles by natives ... it is unlikely that the Government will give the council the power."<sup>26</sup>

(Johannesburgse Openbare Biblioteek) Third Annual Report, 14 September 1906.

Minutes of Meeting, 22 Maart 1904; The Star, 7 Julie 1905: The Native Question; The Star, 15 Oktober 1905: Pioneers and the Natives; Third Annual Report, 14 September 1906; Rand Daily Mail, 6 Februarie 1907: Pillary of Pioneers; Correspondence Rand Pioneers: Sekr. Rand Pioneers — Prokureur-generaal, 16 November 1908.

20. Rand Daily Mail, 22 April 1904: Reply to Rand Pioneers.

21. Rand Daily Mail, 6 Februarie 1907: Pillary of the Pioneers.

22. Correspondence Rand Pioneers: W.W. Hoy (Wrnd. Bestuurder C.S.A.R.) — Sekr. Rand Pioneers, 2 Desember 1906.

23. Third Annual Report, 14 September 1906.

24. Correspondence Rand Pioneers: Kommissaris Polisie — Sekr. Rand Pioneers, 2 September 1905.

25. Correspondence Rand Pioneers: Sekr. Rand Pioneers — Stadsklerk, 4 Oktober 1905.

26. Third Annual Report, 14 September 1906.

Gunstiger reaksie is van die kommissaris van polisie ontvang, want hy het geantwoord dat instruksies reeds gegee is dat swartes kragtens die bestaande wetgewing vervolg moes word.<sup>27</sup>

'n Swartman, Edward Tsewu, het op 4 April 1905 in die Hooggereghof aansoek gedoen om die standplaas, wat hy vir £240 in Klipriviersoog in die distrik Krugersdorp gekoop het, op sy naam geregistreer te kry. Regters Solomon en Wessels het bepaal dat hy dit kragtens die wetgewing wat bestaan het, wel kon doen.<sup>28</sup> Hierdie uitspraak is met ontsteltenis in baie kringe ontvang. Die Rand Pioneers het dadelik 'n byeenkoms van afgevaardigdes van die Progressive Association, die Transvaal Responsible Government Association, die Kamer van Mynwese, Het Volk, die Chamber of Commerce, die Chamber of Trade en die Transvaal Landowners Association, byeengeroep. Na 'n bespreking is 'n mosie aanvaar waarin die regering versoek is om dadelik wetgewing aan te neem ten einde swartes te verhinder om grondeienaars te word. Voorts is besluit dat George Farrar die saak namens die groep met die regering moes opneem.<sup>29</sup>

Dit was nie om dowe neutre dat die keuse op George Farrar gevall het nie, want die vereniging het die vorige jaar, 1904, huis 'n spesiale vergadering gehou ten einde Farrar as president van die vereniging verkies te kry. Die gedagte was dat Farrar as 'n goeie skakel kon dien om die vereniging se standpunte in verband met die beleid teenoor swartes aan die regering oor te dra.<sup>30</sup>

Nog 'n aspek wat vir die organisasie 'n steen des aanstoots was, was die feit dat swartes hulle standpunte deur middel van nuusblaaie kon bekend maak en daar is geagiteer dat sulke publikasies, veral die swart blad *Leihel* wat deur ene mnr. E J E Megale in die Zoutpansberg-distrik uitgegee is, gekontroleer maar liefs verbied moes word.<sup>31</sup>

Die vereniging was ook nie ten gunste van die verskaffing van sterk drank aan swartes nie en het dit in baie duidelike taal te kenne gegee.<sup>32</sup>

Die Rand Pioneers het altyd seker gemaak dat hulle standpunte wye aandag geniet. Die korrespondensie wat hulle met die owerhede gevoer het, is gereeld vir publikasie aan die pers beskikbaar gestel. Trouens, toe die Johannesburgse stadsraad sekere verordeninge ten opsigte van swartes met fietse verander het, het die organisasie dadelik daarop aanspraak gemaak dat dit as gevolg van sy invloed geskied het. Op 'n vergadering is besluit dat dié feit dadelik onder die aandag van die pers gebring moes word met die oog op publieksaie.<sup>33</sup>

Opsommend kan gesê word dat die Rand Pioneers nougeset gewaak en beswaar gemaak het teen enige liberale tendens ten opsigte van die beleid teenoor swartmense en dat die owerhede telkens geduldig moes antwoord op die vertoë van die vereniging. Die Rand Pioneers se optrede was baie negatief en dit het net die vorm aangeneem van klages of afkeurende uitsprake. Hulle het geen oplossings vir netelige vraagstukke probeer aanbied nie. Goewerneur Arthur Lawley het in 1904 die openbare mening in Transvaal só opgesom: "Under the old Grondwet the line was distinctly drawn between

27. Correspondence Rand Pioneers: Kommissaris Polisie — Sekr. Rand Pioneers, 2 September 1905.

28. The Star, 5 April 1905: Natives and Land.

29. The Star, 19 Julie 1905: Land Tenure by Natives.

30. Rand Daily Mail, 31 Maart 1904: Negrophobia.

31. Minutes of Meeting, 22 Maart 1904.

32. Correspondence Rand Pioneers: Sekr. Rand Pioneers — Sekr. Liquor Commission, 27 November 1908.

33. Minutes of Meeting, 1 Februarie 1905.

coloured and white. It is there stated, there shall be no equality between coloured and white; and, though in the eye of the law they are equal, there is not in this country one man in a hundred who would agree to recognize the coloured as capable of admission to the same social standard as the white. I do not urge that these sentiments are reasonable, but they imbue the mind of every South African, and find expression in the Universal cry of 'a white man's country'. Any attempt to ignore them would be attended, I feel sure, with most deplorable results."<sup>34</sup> Die Rand Pioneers het gesorg dat dié opvatting lewendig bly en, omdat hulle hoofsaaklik uit Engelssprekendes bestaan het, het hulle daarmee ook die beeld dat die Engelse die beskermhere van die regte van swartes was, skade aangedoen.

Hoewel die organisasie hom hoofsaaklik op beleid teenoor swartes toegespits het, het die bestuur ook van tyd tot tyd 'n mening gelug ten opsigte van ander sake. Soos reeds gemeld, het die organisasie besluit om hom nie met die politiek te bemoei nie en dit is daarom te verstan dat met huiwering op hierdie terrein beweeg is. Nogtans kon die bestuur hom nie daarvan weerhou om soms sy ware kleure te wys nie.

Ná die oorgawe van Transvaal is daar tydens die Vrede van Vereeniging bepaal dat "as soon as circumstances permit, representative institutions, leading up to self-government, will be introduced."<sup>35</sup> Hierdie bepaling was egter vaag en het ruimte gelaat vir baie vroeë waaroor eers met verloop van tyd duidelikheid verkry sou word. Die Rand Pioneers het gou by die hoë kommissaris navraag gedoen oor watter vorm die konstitusie sou aanneem, wanneer selfregering ingestel sou word, en ook probeer uitvis oor enige ander inligting wat hulle moontlik kon bekom. Die antwoord was egter dat die hoë kommissaris oor geen inligting beskik het nie.<sup>36</sup>

Later is bekend gemaak dat Transvaal op 6 Desember 1906 verantwoordelike bestuur sou ontvang, wat uit 'n wetgewende vergadering en 'n wetgewende raad sou bestaan. Lede van die wetgewende vergadering sou tydens 'n algemene verkiesing aangewys word, maar lede van die wetgewende raad of tweede kamer is vir die eerste vier jaar deur die goewerneur benoem.<sup>37</sup> Selborne, wat in daardie stadium goewerneur was, het tot groot ontsteltenis van die Rand Pioneers lede genomineer sonder om die Pioneers daaroor te raadpleeg. Verontwaardig het hulle aan hom geskryf: "We feel that in so important a matter as the appointment of a number of gentlemen whose duty it will be to revise the decisions of the elective House of Assembly, the committee of the Rand Pioneers might at least have been consulted unofficially if only in regard to the suggestion of names."<sup>38</sup> Die bestuur het dit aan Selborne gestel dat die organisasie meer as 700 van die oudste inwoners van die Rand verteenwoordig en het hom versoek om drie of vier afgevaardigdes van die vereniging vertroulik te woord te staan. Selborne het egter geantwoord dat hy nie daartoe bereid was nie. Hierop het die organisasie al die korrespondensie oor die aangeleentheid in die pers op die lappe gebring.<sup>39</sup>

Die optrede van die Rand Pioneers het verbasing gewek en die *Pretoria News* het die vereniging sarkasties beskrywe as 'n bemoeisieke "body of middelaged persons whose sole claim to fame lies in the fact that they came to the Witwatersrand ten — or

34. Aangehaal in G.H. Calpin: Indians in South Africa (Pietermaritzburg, 1949), p. 29.

35. A.P. Newton (red.): Select Documents relating to the Unification of South Africa, p. 205.

36. Minutes of Meeting, 15 November 1904.

37. W.A. Kleynhans: Politieke strominge en verantwoordelike bestuur in Transvaal, 1905—1909, p. 21

38. Rand Daily Mail, 25 Januarie 1907: Rand Pioneers.

39. *Ibid.*

is it twenty? — years ago".<sup>40</sup> Die koerant het verder sy blydskap uitgespreek dat Selborne hom nie laat intimideer het nie en afgesluit met "... the executive of the Rand Pioneers have made fools of themselves — again."<sup>41</sup>

Die organisasie het hom egter nie deur Selborne se antwoord en die pers se kommentaar laat stuit nie, maar dadelik uitnodigings aan die vernaamste politieke partye gerig om 'n vergadering oor die saak te hou. Voor dit egter kon plaasvind, het die vereniging bekend gemaak dat hy hom heeltemal van die aangeleentheid gaan ontrek.<sup>42</sup> Die vereniging moes tot die besef gekom het dat hy hom op 'n terrein begewe het waar hy hoegenaamd nie gehoort het nie. As rede vir die onttrekking is 'n gesamentlike brief van H P Solomon en Louis Botha, wat in die pers verskyn het, aangevoer. In hierdie brief het die twee here hulle standpunte in verband met die aangestelde wetgewende raad uiteengesit. Die organisasie het as volg oor die brief geoordel: "This letter imports a grave political question into the discussion other than that of the personnel and method of selection claiming, as it does, that the majority of the Upper House should be in sympathy with the political views of the majority of the Lower House."<sup>43</sup> Dit, het die vereniging bevind, het van die saak 'n suiwer politieke aangeleentheid gemaak en omdat hulle nie 'n politieke organisasie was nie, sou die Rand Pioneers hulle liefs onttrek.<sup>44</sup> Die *Pretoria News* het, gelukkig vir die vereniging, nie hierop kommentaar gelewer nie.

Die goudmyne van die Rand is ná die Anglo-Boereoorlog gekonfronteer met 'n arbeidstekort. Ten einde hierdie vraagstuk op te los, is daaraan gedink om Chinese op 'n kontrakbasis in te voer. Die plan is nie oral ewe geesdriftig ontvang nie en ten einde die voorneme suksesvol deur te voer, is op 31 Maart 1903 oorgegaan tot 'n aktiewe openbare pro-Chinese veldtog.<sup>45</sup> Die Rand Pioneers het op 22 Maart 1904 besluit om die gedagte en kampanje te steun<sup>46</sup> maar het nie, sover vasgestel kan word, oorgegaan tot enige daadwerklike stappe om die saak aan te help nie. Die vereniging het wel baie gou gekla toe die eerste Chinese saam met die blankes op spyaadjies gestap het en van dieselfde huurrytuie gebruik gemaak het,<sup>47</sup> en toe een mnr. Connell, 'n lid van die vereniging, deur 'n Chinees aangerand word, het die vereniging kompensasie direk van die hoë kommissaris geëis.<sup>48</sup>

Die Chinese eksperiment het op die lange duur nie suksesvol geblyk te wees nie en toe die eerste kontrakte op 31 Desember 1907 begin verstryk het, is die Chinese arbeiders gerepatrieer. Teen die einde van 1909 was nog net 1 910 Chinese op die myne werksaam.<sup>49</sup> Die feit dat Chinese vinnig besig was om die Rand te verlaat, het die organisasie daartoe laat oorgaan om op die spyskaart, wat tydens die vereniging se jaarlikse dinee in 1907 gebruik is, 'n afbeelding te laat aanbring van die vertrekkende Chinese met onderaan die leuse van die Rand Pioneers: "They did their level best."<sup>50</sup>

40. *Pretoria News*, 26 Februarie 1907: The Lords and the Pioneers.

41. *Ibid.*

42. *Transvaal Leader*, 27 Februarie 1907: The Upper House.

43. *Ibid.*

44. *Rand Daily Mail*, 28 Februarie 1907: Rand Pioneers.

45. H.H. de Villiers: Generaal Botha en die Sjinese Vraagstuk in Transvaal, 1903 tot 1910 (Ongepubliseerde verhandeling, U.P., 1962), p. 12.

46. Minutes of Meeting, 22 Maart 1904.

47. Correspondence Rand Pioneers: Kommissaris van Polisie — Sekr. Rand Pioneers, 2 September 1905

48. Minutes of Meeting, 29 Junie 1906.

49. H.H. de Villiers: Generaal Botha en die Sjinese Vraagstuk in Transvaal, 1903 tot 1910, p. 75.

50. *The South African Jewish Chronicle*, 27 September 1907: Rand Pioneers.

Die eerste munisipale verkiesing in Johannesburg ná die Anglo-Boereoorlog het in 1903 plaasgevind. Net voor die 1904-verkiesing het die Rand Pioneers 'n uitnodiging ontvang van die "Conference of Public Bodies" om twee afgevaardigdes te stuur met die oog op die aanwys van kandidate.<sup>51</sup> Hoewel die uitnodiging aanvaar is, het die twee afgevaardigdes hulle volgens opdrag nie gekompromitteer ten opsigte van kandidate nie. Die Pioneers het daarna besluit om hulle eie lede as kandidate te steun en nege kandidate aanbeveel.<sup>52</sup>

Die Rand Pioneers was in wese eintlik 'n sosiale organisasie en gesellige samekomste het dan ook gereeld op hulle jaarprogram voorgekom. Die jaarlike dinees was die hoogtepunt op die sosiale kalender en dié uithanggeleenthede is nie slegs deur lede bygewoon nie maar ook deur vooraanstaande eregaste, wat meesal politieke figure of hoë amptenare gemoeid met landsadministrasie, was. Die tweede jaarlike dinee in die Victoria Hotel is byvoorbeeld bygewoon deur genl. Smuts, die bestuurder van die spoorweë, die kommissaris van polisie en die naturellekommissaris.<sup>53</sup> In 1909 is generaal Smuts weer uitgenooi,<sup>54</sup> asook Louis Botha,<sup>55</sup> wat in daardie stadium Eerste Minister was.

Hoewel daar by dié geleenthede uit die aard van die saak geen groot beleidsverklarings gedoen is nie, het aktuele vraagstukke dikwels ter sprake gekom en is lands-toestande deur die sprekers ontleed.<sup>56</sup> Die vereniging het dus gesorg dat hulle selfs op sosiale vlak kontak met vooraanstaande en invloedryke persone maak en behou en dat hulle standpunte ook op dié wyse oorgedra is. Dit was daarom vir die vereniging makliker om met persone in sleutelposisies te korrespondeer. Nadat Louis Botha byvoorbeeld Eerste Minister van Transvaal geword het, en daar sprake van nouer aaneensluiting tussen die kolonies was, is Botha dadelik deur die vereniging daaraan herinner dat die Rand Pioneers al in 1904 deur Richard Solomon verseker is dat swartes nie stemreg sou kry nie. Hulle wou hom (Botha) net verseker dat die vereniging gekant is teen enige sprake van stemreg aan swartes en dat hy dit moes onthou met die oog op moontlike aaneensluiting tussen die Britse kolonies in Suid-Afrika.<sup>57</sup>

Dat die Rand Pioneers wel bygedra het tot die beïnvloeding van die openbare mening, val nie te betwyfel nie. Trouens, die president van die vereniging het in die jaarverslag van 1924 daarvan gewag gemaak dat die organisasie 'n rol gespeel het as openbare meningsvormer veral omdat sy bedrywighede baie aandag in die pers geniet het.<sup>58</sup> Die feit dat die sekretaris van naturellesake in 1912 die korrespondensie en verslae van die Rand Pioneers vir bestudering aangevra het, is 'n duidelike bewys dat die kennis wat die organisasie op dié wyse byeengebring het, wel as belangrik geag is.<sup>59</sup>

Die Rand Pioneers het hulle ná 1910 heeltemal aan die politieke terrein onttrek en hulle hoofsaaklik by sosiale aktiwiteite bepaal. 'n Verklaring hiervoor is waarskynlik dat die Transvaalse politiek van toe af in vaster vorme gegiet was waarmee die organisasie tevrede was. Hoe dit ook al sy, die bronne gee egter geen blyke van enige redes nie.

51. Minutes of Meeting, 23 September 1904.

52. Minutes of Meeting, 13 Oktober 1904.

53. The Transvaal Leader, 26 September 1904: Empire Builders.

54. Correspondence Rand Pioneers: Sekr. Rand Pioneers — J.C. Smuts, 17 September 1909.

55. Correspondence Rand Pioneers: Sekr. Rand Pioneers — Louis Botha, 6 September 1909.

56. Vgl. Annual Reports, 1904—1910.

57. Correspondence Rand Pioneers: Sekr. Rand Pioneers — Louis Botha, 14 November 1908.

58. Annual Report, September 1924.

59. Correspondence Rand Pioneers: Sekr. Rand Pioneers — Sekr. Naturellesake, 22 Mei 1912